International General Certificate of Secondary Education
UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE 0548/05, 0556/05

Paper 5 Oral Assessment

October/November 2003

EXAMINER'S NOTES

**Approx. 15 minutes**

No Additional Materials are required.

This document consists of **15** printed pages and **1** blank page.

SP (SLC) S44248/2
© MBEC Namibia 2003

UNIVERSITY of CAMBRIDGE
Local Examinations Syndicate

**[Turn over**

www.theallpapers.com

INHOUD


| | | | |
|---|---|---|---|
| BELANGRIKE INLIGTING OOR DIE AFNEEM VAN DIE TOETS | | | Bladsy 3 |
| NASIENSKEMA | | | Bladsy 8 |
| MONDELINGE EVALUERING (Core en Extended) | **A** | **Skoolwerk en ontspanning** | Bladsy 10 |
| MONDELINGE EVALUERING (Core en Extended) | **B** | **Probleme wat verandering teweeg bring** | Bladsy 11 |
| MONDELINGE EVALUERING (Core en Extended) | **C** | **Die beste maniere om te reis** | Bladsy 12 |
| MONDELINGE EVALUERING (Core en Extended) | **D** | **Die spaar en uitgee van geld** | Bladsy 13 |
| MONDELINGE EVALUERING (Core en Extended) | **E** | **Dinge wat jy by die skool geniet** | Bladsy 14 |
| MONDELINGE EVALUERING (Extended) | **F** | **Kies 'n onderwerp** | Bladsy 15 |




www.theallpapers.com

## BELANGRIKE INLIGTING OOR DIE AFNEEM VAN DIE TOETS

## ALGEMEEN

1. Die mondelinge evaluering vind plaas in die tydperk voor die hoofeksamen soos gestipuleer op die eksamenrooster. Elke sentrum moet self besluit op die mees geskikte datum vir die mondelinge eksamen.

2. Sentrums moet vroegtydig verseker dat die afneem van die mondelinge evaluering in ‘n geskikte, afgesonderde lokaal gaan plaasvind en dat die bandspeler in ‘n goeie werkende toestand is.

3. Sentrums moet hou by die datums wat vasgestel is vir die afhandeling van die mondelinge evaluering en vir die betydse deurstuur na die DNEA van die puntelyste en opnames sodat daar genoeg tyd is vir eksterne moderering om plaas te vind. Dit is uiters belangrik dat hierdie materiaal nie laat is nie.

4. Waar moontlik, moet daar slegs een eksaminator per sentrum aangewys word. Elke sentrum moet sy eie eksaminator aanwys. Gewoonlik is hierdie eksaminator een van die taalonderwysers, maar dit mag ook iemand wees wat nie aan die skool verbonde is nie. ‘n Groep buurskole mag besluit om dieselfde persoon te kies om die eksamen in hul skole af te neem, in welke geval elke sentrum verantwoordelik sal wees vir die korrek ingevulde vorms en volledige opnames. (Die CIE/DNEA is nie verantwoordelik vir enige fooie wat aan ‘n buitepersoon betaal moet word nie.)

   By sentrums waar daar groot getalle kandidate is wat gëevalueer moet word en daar van meer as een eksaminator gebruik gemaak sal moet word, moet interne moderering plaasvind sodat al die kandidate tot dieselfde standaard geëvalueer word.

5. Elke sentrum sal ‘n stel evalueringskaarte met aantekeninge vir die eksaminator ontvang. Eksaminatore/Onderwysers wat vir die afneem van die mondelinge evaluering verantwoordelik gaan wees, moet voor die afneem van die toets verseker dat hulle op die hoogte van die instruksies en inligting daarin vervat, is. Hierdie dokumente bly vertroulik en moet in veilige bewaring bly tot aan die einde van die eksamen.

6. Elke sentrum moet die volgende na CIE (of DNEA in die geval van Namibië) stuur: (a) kassette met die bandopnames van ‘n verteenwoordigende groep kandidate; (b) voltooide MS1 vorms; (c) voltooide Opsommende Puntelys(te) vir Mondelinge Evaluering (Oral Assessment Summary Form).

   **(a) Bandopnames van die kandidate**

   Elke sentrum sal verantwoordelik wees om ‘n voorbeeld van die bandopnames van kandidate op kasset te verskaf. Die vereistes van die grootte van die voorbeeld van kandidate is agter op die Opsommende Puntelys uitgespel.

   Die onderwyser wat verantwoordelik is vir interne standaardisering van die sentrum moet verseker dat die voorbeeldopnames verteenwoordigend is van die hele spektrum van punte. Die opnames moet verteenwoordigend wees van punte van die hoogste tot die swakste punt. Waar daar meer as een onderwyser betrokke is, moet die voorbeeld dieselfde hoeveelheid geëvalueerde kandidate van elke onderwyser insluit.

   Afdeling 15 bevat die instruksies vir die opnames van die voorbeeld wat ingestuur moet word. Die kassette, sowel as die ander relevante dokumente, moet na CIE (of DNEA in die geval van Namibië) gestuur word. Die voorbeeldkandidate wie se mondelinge evaluering opgeneem is, se besonderhede moet duidelik op die kassette aangedui word.


www.theallpapers.com

**(b) MS1 Vorm**

Die rekenaargedrukte puntelys vir evaluering wat deur die skool voltooi word, bestaan uit drie dele:

- die boonste kopie moet in die aparte koevert na CIE (of DNEA in die geval van Namibië) versend word.
- die middelste kopie (dit is vir gebruik deur die eksterne moderator) moet apart, maar saam met die kasset met die voorbeeldkandidate se opnames en die Opsommende Puntelys na CIE ( of DNEA in die geval van Namibië) versend word.
- die laaste kopie moet by die sentrum bewaar word ingeval stukke deur die pos verlore raak of vir verdere navrae, tot nadat die uitslae gepubliseer is.

Die MS1 Vorm moet voltooi word deur die punt van elke kandidaat vanaf die kolom vir Totale Punt op die Opsommende Puntelys, op hierdie vorm oor te dra.

**(c) Opsommende puntelys vir Mondelinge Evaluering (Oral Assessment Summary Form)**

Hierdie dokument word gebruik om elke kandidaat se punt in die verskillende kategorieë in te dra. Instruksies vir die invul van hierdie dokument word op die agterkant van die vorm gegee. Hierdie vorm, die MS1 en die kassette met die opnames van die voorbeeldkandidate moet saam ingestuur word.

Maak asseblief seker dat al die punte korrek opgetel is. Die Opsommende Puntelys vir Mondelinge Evaluering moet punte vir elke kategorie en van elke kandidaat aandui, nie slegs dié wat gekies is as die voorbeeldkandidate nie. Plaas asseblief ‘n asterisk (*) langs die name van die kandidate wie se opnames gekies is as die voorbeeldgroep.

7. Die kassette met die opnames van die voorbeeldgroep kandidate, die voltooide MS1 en die Opsommende Puntelys vir die Mondelinge Evaluering moet sou gou as moontlik na die afhandeling van die mondelinge evaluering by elke sentrum aan CIE (of DNEA in die geval van Namibië) versend word. Moenie wag vir die sperdatum voordat dit versend word nie.



www.theallpapers.com

## DIE AFNEEM VAN DIE MONDELINGE EVALUERING

8. Die afneem van die mondelinge evaluering behoort as volg te geskied:

   (A) Skakel die bandopnemer aan. Gee die kandidaat se naam en eksamennommer. Verwelkom die kandidaat en verduidelik kortliks wat in die verloop van die evalueringsessie gaan gebeur.

   (B) Opwarmingsfase: lei 'n algemene bespreking deur die kandidaat 'n paar vrae oor homself/haarself, die skool, ensovoorts, te vra om hom/haar so gewoond te laat raak aan die eksamensituasie. Die doel van hierdie afdeling is om die kandidate op hul gemak te stel. Hierdie afdeling behoort tussen 2 - 3 minute te duur.

   (C) Oorhandig die Evalueringskaart aan die kandidaat. Dit moet plaasvind nadat die opwarmingsfase plaasgevind het. Enige onduidelikhede moet tydens hierdie fase opgeklaar word. Dit word gevolg deur 'n kort periode waartydens die kandidaat voorberei (ongeveer 2-3 minute) en waartydens die kandidaat die geleentheid gebied moet word om vrae te vra. Kandidate mag nie toegelaat word om tydens hierdie fase enige aantekeninge te maak nie (behalwe in gevalle waar die eksaminator op Evalueringskaart F besluit het). Die bandopnemer mag aangeskakel bly, of afgesit word tydens hierdie fase. As die bandopnemer afgesit word, moet die eksaminator net aankondig: "Die bandopnemer sal nou vir 'n rukkie afgesit word." Dit is baie belangrik dat die moderator sal weet dat die kandidaat die tydjie gegun gaan word om homself/haarself voor te berei.

   (D) Die hoofgedeelte van die toets: die gesprek gebaseer op die Evalueringskaarte. Die eksaminator of die kandidaat kan met die gesprek begin. (Die aantekeninge op elk van die Evalueringskaart gee aanduidings van vrae en moontlike aspekte wat tydens die gesprek aangeroer kan word.) Hierdie afdeling van die toets moet ongeveer 8 - 10 minute duur. (As daar op Evalueringskaart F besluit is, behoort die grootste deel van die toets te bestaan uit die deel waartydens die kandidaat vir ongeveer 5 minute praat oor die onderwerp, gevolg deur vrae deur die eksaminator.)

   **Die totale tysduur van die mondelinge evalueringstoets, van die begin af (B) tot aan die einde (D), behoort ongeveer 15 minute te duur.**

   **Neem kennis dat alhoewel (A) tot (D) op band opgeneem moet word, slegs (D) geëvalueer moet word.**

   **Die mondelinge evalueringstoets mag slegs in Afrikaans afgeneem word.**

9. Gedurende die afneem van die mondelinge evaluering moet eksamenomstandighede deurentyd in die lokaal gehandhaaf word . Genoegsame toesig moet voorsien word sodat kandidate wat die eksamenlokaal verlaat na afneem van die toets, nie met die ander kandidate wat wag om geëvalueer te word, kan kommunikeer nie.

10. Geen ander persoon, behalwe 'n ander onderwyser/eksaminator of afgevaardigde van CIE of die DNEA, behoort gedurende die afneem van die toets in die lokaal toegelaat te word nie.

11. Kandidate mag individueel of in pare geëksamineer word. In gevalle waar pare geëksamineer word, is dit van uiterste belang dat die eksterne moderator te alle tye presies weet wie wanneer praat. Dit kan bereik word deur twee kandidate te kies wie se stemkwaliteite 'n beduidende verskil toon (bv. 'n seun en 'n dogter). Vermy dit om twee kandidate wat dieselfde noemname het in dieselfde paar te kies.



www.theallpapers.com

12. Kandidate mag nie toegelaat word om enige aantekeninge in die eksamenlokaal in te bring of om woordeboeke te raadpleeg nie. (Slegs wanneer Evalueringskaart F gekies is, mag die kandidate gedurende die sessie aantekeninge maak. In so 'n geval moet die eksaminator verseker dat sulke aantekeninge ingeneem en vernietig word.)

13. 'n Verskeidenheid van onderwerpe word voorsien en die eksaminator (nie die kandidaat nie) sal die keuse maak oor die Evalueringskaart vir elke kandidaat. 'n Verspreiding van al die Evalueringskaarte moet tydens die eksamen gebruik word vir evaluering by elke sentrum. Die Evalueringskaart wat vir elke kandidaat gekies word, moet met sorg gekies word sodat elke kandidaat sy volle potensiaal ten toon kan stel. Die opwarmingsfase sal vir die eksaminator alreeds 'n aanduiding kan gee watter kaart om te kies. **Onthou dat die toets oor die mondelinge vaardigheid van die kandidaat gaan en nie 'n algemene kennis toets is nie. As dit blyk dat die kandidaat die onderwerp totaal onvanpas en te moeilik vind, is dit heeltemal aanvaarbaar om die gesprek te verander na dinge waaroor die kandidaat makliker kan gesels. Dit is onnodig om in sulke omstandighede rigied by die riglyne van die Evalueringskaart te hou.**

14. Die eksaminator moet so sit dat hy/sy na die kandidaat front met 'n tafel of lessenaar tussen hulle. Kandidate moenie sien as die eksaminator enige aantekeninge op die Opsommende Puntelys of enige ander papiere maak nie.

**DIE MAAK VAN DIE OPNAMES**

15. Sentrums moet vroegtydig verseker dat hul apparaat in 'n goeie werkende toestand is. Slegs bandopnemers mag gebruik word. Die bandopnemer en die kassette moet 'n geruime tyd voor die afneem van die toets, verkieslik met 'n kandidaat of iemand anders, in die lokaal getoets word. Die opwarmingsessie kan ook as 'n geleentheid beskou word waartydens die klankgehalte getoets word. Waar moontlik, is dit verkieslik om 'n bandopnemer te gebruik wat 'n eksterne mikrofoon het sodat aparte mikrofone vir die eksaminator en kandidaat gebruik kan word. As daar slegs een mikrofoon beskikbaar is, is dit verkieslik dat die mikrofoon so opgestel word dat dit na die kandidaat gedraai word. Dit is baie belangrik dat die klankgehalte voor die afneem van die toets getoets word; aanpassings aan die volume gedurende die afneem van die toets moet vermy word. Voorsorg moet getref word om geraas buite die lokaal en ook lang stiltes tydens die toets te vermy. Gedurende die afneem van die mondelinge evaluering moet gereelde toetse gedoen word om te verseker dat die kassette deurentyd duidelik hoorbaar is.

    Die bandopnemer mag onder geen omstandighede afgeskakel word tydens die afneem van die toets nie. Die enigste kere wat dit wel toelaatbaar is, is tussen die opwarmingsessie en die hoofdeel van die toets (sien afdeling 8).

    Die opnames moet op **Kant A** van die kasset begin en albei kante van die kasset moet eers gebruik word voordat met 'n nuwe kasset begin word. Eksaminatore moet verseker dat 'n kandidaat se opname nie van Kant A oorloop na Kant B toe nie. Beplan so dat dit slegs op een kant van die band is. Aan die einde van elke kant van die kasset moet die eksaminator sê: "Geen verder opnames op hierdie kant nie."

    **Kant A** van elke kasset moet met die volgende aankondiging deur die eksaminator begin word:

| | | |
|---|---|---|
| Sentrumnommer: | (bv) | NA9x |
| Sentrumnaam: | (bv) | ABC Akademie |
| Eksamen: | 0556 | Afrikaans Tweede Taal |
| Naam van eksaminator: | (bv) | Me A Zxq |
| Datum: | (bv) | 1 Oktober 2003 |



www.theallpapers.com

Die opname van elke kandidaat moet baie duidelik op die kasset as volg deur die eksaminator aangekondig word:

| | | |
|---|---|---|
| Kandidaatnommer: | (bv) | 0070 |
| Naam van kandidaat: | (bv) | Abdi Zacharia |

Aan die einde van die kasset moet die eksaminator baie duidelik sê: " Dis die einde van die opname."

Voordat die kassette weggestuur word, moet die eksaminator baie seker maak dat die opname van elke kandidaat baie duidelik is. Die kassette moet dan teruggedraai word na Kant A. Die inhoud van elke kasset moet baie duidelik op die etiket aangedui word.

## ALGEMENE RAAD

16. Hou asseblief die volgende in gedagte tydens die evalueringsessie:

**Wees te alle tye objektief.** Moenie toelaat dat enige kennis ten opsigte van die kandidaat se karakter of ingesteldhede u objektiewe evaluering beïnvloed nie. (Byvoorbeeld, kennis dat 'n kandidaat uiters konsensieus is, is irrelevant tydens die evalueringsessie.) As die kandidaat se vertoning tydens die evalueringsessie op enige wyse beïnvloed word deur moeilike persoonlike omstandighede (byvoorbeeld die dood van 'n ouer), kan daar aansoek gedoen word op die betrokke dokumentasie vir Spesiale Oorweging. Eksaminatore moenie self spesiale toegewings in sulke gevalle maak nie.

**Wees realisties:** Onthou Afrikaans hoef nie die kandidaat se moedertaal te wees om volpunte te verdien in een van die kategorieë nie. Dis ook belangrik dat 'n eksaminator nie moontlike foute sal oorsien as die kandidaat wel 'n moedertaalspreker is nie.

**Wees konsekwent:** Dis belangrik dat die nasienskema op dieselfde wyse aangewend word vir alle kandidate sodat 'n betroubare merietelys van die kandidate deur die sentrum verkry kan word.

**Wees positief:** Tydens die evaluering is dit belangrik om in gedagte te hou dat die toets gaan oor dit wat die kandidate **kan doen** en nie om hulle te penaliseer vir dit wat hulle **nie kan doen nie**. (Dit beteken nie dat aspekte soos akkuraatheid in byvoorbeeld grammatika en uitspraak misgekyk moet word nie. Hierdie is **'n herinnering dat die IGCSE mondelinge evaluering oor positiewe bepunting gaan**.)

17. Om die mondelinge evaluering effektief af te neem, sal eksaminatore:

- altyd die kandidate op hul gemak stel aan die begin van die toets (glimlag as die kandidaat die lokaal binnekom, wys waar hulle moet sit, ensovoorts) terwyl hulle nogtans die indruk behou dat dit 'n formele eksamen is.
- nooit rondloop en die kandidate tydens die toets onnodig steur nie.
- altyd geïnteresseerd lyk, al is dit baie vervelig.
- nooit kandidate in die rede val met hul eie sienings nie.
- nooit foute korrigeer nie.
- nooit onnodige verrassing of ongeduld toon nie.
- nooit die indruk gee dat daar slegs 'n 'regte' antwoord op die vrae is nie.
- altyd die beste uit hul kandidate haal deur 'oop' vrae aan die kandidate te stel wat hulle in staat sal stel om goeie respons te lewer en nie net 'n klomp geslote vrae te vra waarop kandidate slegs ja/nee kan antwoord nie.
- nooit die toets afneem asof dit 'n algemene kennis toets is nie.
- nooit hul opinie oor die kandidaat se vertoning tydens, of na die toets, aan die kandidaat laat blyk nie. 'n Goeie eksaminator sal gewoonlik daarin slaag om 'n kandidaat met 'n glimlag te laat gaan, ongeag van hoe goed of swak hy/sy vertoning was.


www.theallpapers.com

**Nasienskema**

**Bepunt elke kategorie uit 10 (struktuur, woordeskat en vloeiendheid), tel dan hierdie punte bymekaar vir 'n totale punt uit 30.**

| Punt | Struktuur (10) | Woordeskat (10) | Vloeiendheid (10) |
|---|---|---|---|
| **9-10** | Die kandidaat demonstreer die vermoë om 'n verskeidenheid strukture akkuraat en konsekwent te gebruik. Foute mag insluip wanneer gepoog word om meer gesofistikeerde strukture te gebruik, maar die eksaminator is oortuig dat die kandidaat met selfvertroue die strukture kan gebruik. | Die kandidaat toon genoegsame bemeestering van woordeskat om met 'n mate van korrektheid te reageer. Sekere vorme van betekenis word bereik en 'n mate van gesofistikeerde inligting/idees word gekommunikeer. Daar sal slegs die enkele foutiewe gebruik van woordeskat plaasvind. | Die kandidaat toon 'n volgehoue vermoë om die gesprek aan die gang te hou en 'n bydrae te lewer. Die kandidaat kan reageer as die strekking van die gesprek verander en selfs nuwe idees inisieer. Uitspraak en intonasie is akkuraat met slegs enkele foute. |
| **7-8** | Daar word meestal van eenvoudige strukture gebruik gemaak, maar meer komplekse strukture kan ook suksesvol aangewend word. Foute kom wel voor, maar dit verhinder nie kommunikasie nie. | Die kandidaat beskik oor genoegsame woordeskat om idees en inligting oor te dra, maar daar is 'n leemte aan absolute korrektheid. Woordeskat is nie baie wyd en afwisselend nie. | Die kandidaat reageer geredelik op vrae gedurende die gesprek sodat gereelde aansporing onnodig is. Klem en intonasie is gewoonlik korrek. Baie min inspanning word deur die luisteraar benodig. |
| **5-6** | Die kandidaat sal geneig wees tot foute as daar wyer as die eenvoudige strukture gewaag word. Eenvoudige akkuraatheid word gewoonlik bereik en kommunikasie word gehandhaaf . | Woordeskat dra basiese idees en inligting oor, maar daar is 'n leemte aan akkuraatheid. As daar wyer as die bekende gewaag word, is daar huiwering en word na die korrekte woord gesoek. | Die kandidaat probeer hard om op al die vrae te antwoord. Hy/Sy sal gereeld aangespoor moet word en waag slegs een sin op 'n slag, maar slaag tog daarin om die kommunikasie aan die gang te hou. Daar is duidelike foute met klem en intonasie, maar dit verhinder nie kommunikasie nie. |
| **3-4** | Respons sal gewoonlik slegs uit enkele woorde of baie eenvoudige sinne bestaan - met foute. Foute sal kommunikasie strem, maar nie verhinder nie. | Woordeskat sal soms onvoldoende wees om selfs eenvoudige idees oor te dra en daar sal gereelde stiltes wees. | Antwoorde sal kort en wydverspreid wees. Die kandidaat moet aangemoedig word om wyer as die eenwoord-response te antwoord. Verkeerde gebruik van klem en intonasie bemoeilik kommunikasie, maar die kandidaat kan gewoonlik deur 'n baie simpatieke luisteraar verstaan word. |



www.theallpapers.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1-2** | Eenwoord-response sal aan die orde van die dag wees. Pogings om volsinne te gebruik, slaag nie daarin om kommunikasie te bewerkstellig nie. Daar word pogings aangewend om te reageer op sekere aspekte gedurende die gesprek. | Genoegsame Afrikaanse woorde is bekend om klein brokkies inligting oor te dra, maar kommunikasie sal baie beperk en deurmekaar wees. | Antwoord is so kort en onakkuraat dat baie min gekommunikeer word. Die gebruik van enkele woorde is aan die orde van die dag en daar sal lang stiltes wees. Verkeerde gebruik van klem en intonasie veroorsaak probleme selfs vir die baie simpatieke luisteraar. Herhaling is nodig om kommunikasie te verkry. |
| **0** | Totaal beperk/ geen poging word aangewend om te reageer nie. | Totaal beperk/ geen poging word aangewend om te reageer nie. | Verkeerde gebruik van klem en intonasie verhoed kommunikasie, selfs al word herhaalde pogings aangewend. |



www.theallpapers.com

## A Skoolwerk en ontspanning

**Kandidaat se notas**

Een van die probleme wat baie studente ondervind, is om die regte balans te vind tussen skoolwerk en ontspanningsaktiwiteite.

Bespreek met die eksaminator sommige van die probleme wat jy ondervind wanneer jy ‘n keuse moet maak oor hoe om jou tyd te verdeel.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- die hoeveelheid tyd wat jy na skool nodig het om aan jou skoolwerk te wy
- die aktiwiteite of stokperdjies waaraan jy graag na skool wil deelneem en ook geniet
- enige probleme wat jy ondervind om jou tyd sinvol te verdeel
- advies/riglyne wat jy van ouers en onderwysers kry
- hoe suksesvol jy is om die regte balans te kry en te handhaaf

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

**Fase 1: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

**Fase 2: Begin opdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word ‘n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees wat geopper is met die kandidaat.



www.theallpapers.com

## B Probleme wat verandering teweeg bring

### Kandidaat se notas

Sommige mense vind dit moeilik om by ‘n nuwe plek aan te pas – byvoorbeeld ‘n nuwe skool, nuwe omgewing/land.

Bespreek met die eksaminator sommige probleme wat jy ondervind het toe jy belangrike veranderings in jou lewe gemaak het.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- jou eie ondervinding toe jy van skool of tuiste moes verander
- of jy altyd hierdie veranderings verwelkom het
- sommige probleme wat jy ondervind het en hoe jy dit te bowe gekom het
- hulp wat jy ontvang het om by die nuwe omstandighede aan te pas
- iets waardevols wat jy geleer het om by nuwe omstandighede aan te pas

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

### Fase 1: Opwarming

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

### Fase 2: Begin opdrag

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word ‘n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Geen notas mag gemaak word nie.

### Fase 3: Ontwikkeling

Bespreek die idees wat geopper is met die kandidaat.


www.theallpapers.com

## C Die beste maniere om te reis

**Kandidaat se notas**

Die meeste mense reis deesdae redelik baie en het gewoonlik ‘n voorkeur as dit kom by die keuse van waarmee om te reis.

Bespreek met die eksaminator van jou ondervindings tydens jou reise en jou voor- en afkeure.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- ‘n reis wat jy buitengewoon baie geniet het
- enige ongelukkige en slegte ondervindings wat jy gehad het tydens ‘n reis
- hoe voel jy oor die verskeidenheid maniere van reis – vliegtuie, skepe, treine, motors, busse
- ondervind jy reise as opwindend, vervelig of skrikwekkend
- enige toekomstige reise wat jy beoog

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

**Fase 1: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

**Fase 2: Begin opdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word ‘n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees wat geopper is met die kandidaat.



www.theallpapers.com

## D Die spaar en uitgee van geld

**Kandidaat se notas**

Die meeste jongmense geniet dit om geld uit te gee, maar vind dit baie moeilik om dit te spaar.

Bespreek met die eksaminator die genot en probleme om jou eie geld te bestuur.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- hoe om besluite te neem ten opsigte van die besteding van geld
- waar kom jou geld vandaan – ouers/ander familielede/deeltydse werk
- hoe gaan jy te werk om geld te spaar
- enige probleme wat jy ondervind om jou geld te bestuur
- raad wat jy van jou ouers en vriende kry

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

**Fase 1: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

**Fase 2: Begin opdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees wat geopper is met die kandidaat.


www.theallpapers.com

## E Dinge wat jy by die skool geniet

**Kandidaat se notas**

Die meeste studente vind sommige aspekte van skoolgaan baie genotvol – ander aspekte weer minder lekker.

Bespreek met die eksaminator jou gevoelens oor jou skoollewe.

Jy mag die volgende in gedagte hou:

- vakke wat vir jou besonder lekker is en hoekom
- skoolaktiwiteite waarna jy altyd uitsien
- aspekte van skool wat jy besonder moeilik vind
- sport- en ontspanningsaktiwiteite waaraan jy by die skool deelneem
- wat jy sal mis as jy jou skoolloopbaan voltooi het

Jy mag ook jou eie idees gebruik.

Jy mag geen notas maak nie.

**Fase 1: Opwarming**

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

**Fase 2: Begin opdrag**

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Geen notas mag gemaak word nie.

**Fase 3: Ontwikkeling**

Bespreek die idees wat geopper is met die kandidaat.



www.theallpapers.com

## F Kies 'n onderwerp

### Kandidaat se notas

Kies een van die onderstaande onderwerpe en praat daaroor vir omtrent vyf minute. Die eksaminator sal 'n paar vrae stel wanneer jy klaar gepraat het. Jy mag 'n minuut of twee neem om kortliks enkele gedagtes neer te skryf voor jy begin.

**1** Die meeste sportsoorte is baie gevaarlik en behoort vermy te word. 'n Rustige wandeling is baie gesonder.

**2** Jongmense behoort altyd baie mooi te luister na raad wat ouer mense vir hulle gee.

**3** Mense wat dodelik siek is, behoort die reg te hê om te besluit hoe en wanneer hulle wil sterf.

**4** 'n Paar lande het heeltemal te veel invloed in die wêreld.

**5** Die internet en elektroniese speletjies is 'n gevaar vir die gesinslewe.

### Fase 1: Opwarming

Stel vrae aan die kandidaat oor homself/haarself, sy/haar skool, ens. om hom/haar kans te gee om gewoond te raak aan die eksamensituasie. Moenie punte toeken nie.

### Fase 2: Begin opdrag

Gee die evalueringskaart aan die kandidaat en behandel die instruksies met hom/haar om seker te maak hy/sy verstaan wat verwag word.
Die kandidaat word 'n paar minute gegee om die opdrag deur te lees en voor te berei.
Kort notas mag gemaak word, maar die eksaminator moet dit inneem na die evaluering.

### Fase 3: Ontwikkeling

Bespreek die kandidaat se keuse van onderwerp. Die eksaminator mag die bespreking verleng deur opmerkings te maak oor die kandidaat se siening en sy/haar opinie opper. Die bespreking mag 'n wye veld binne die onderwerp dek, maar moet deurentyd relevant bly.



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com